

Sanlam-Staptoerklub

Program vir 2024

Kom verken die land saam met ons!

Gradering van roetes

By elke roete is 'n gradering wat uit 'n syfer en 'n letter bestaan (soos 1A of 2B). Hierdie graderingstelsel word deur baie klubs gebruik.

Syfers = die fisieke moeilikheidsgraad van die roete

1. Maklike stap
2. Redelik
3. Veeleisend
4. Slegs vir uiters fikse mense

Letters = blootstelling aan hoogtes

- A. Geen blootstelling aan hoogtes
- B. Effense blootstelling aan hoogtes
- C. Redelike blootstelling aan hoogtes
- D. Groot blootstelling aan hoogtes

Belangrik: Hierdie dien net as 'n hulpmiddel. Sanlam-Staptoerklub kan nie 100% akkuraatheid waarborg nie. Die stapleier kan gewoonlik meer inligting oor die roete gee.

BLOUBERG-STAP (KELPBAAI TOT BIG BAY)	
Datum	Saterdag 6 Januarie 2024
Bespreek vanaf	Dinsdag 2 Januarie
Beginpunt- en tyd	08:00 by Blouberg Natuurreservaat (Eerste Steen)
Stapleiers	Wynand en Madeleine Krause by 084 573 4376
Graad	1A (redelik, 10 km)
Groepgrootte	Onbeperk
Inpak	Soos vir dagstap met reën-, wind- en sonbeskerming, water, kos, ens. Jy kan met tekkies of goeie plakkies ook stap.
Koste	Toegangsgelde by Blaauwberg-natuurreservaat (Eerste Steen): R20 vir volwassenes en R28 per voertuig. Brandstofdonasie: R100. Adminheffing R5 (lid) / R10 (besoeker).
Wynand sê: <u>Kelpbaai</u> (Kelp Bay) is een van die kleiner strandjies langs die Weskus. Dit lê in die Blaauwberg Bewaringsgebied tussen Kreeftebaai and Haakgat. Kelpbaai kry sy naam van al die seewier wat hier voorkom. Ons parkeer by Eerste Steen in die Blaauwberg-natuurreservaat en stap dan eers 'n sirkelroete in die Blaauwberg-natuurreservaat met mooi uitsigte oor Tafelberg. Terug by ons motors, haal ons ons eetgoed uit en eet dit by die piekniektafeltjies. Dan stap ons strandlangs tot by Big Bay en weer terug. Die roete het die klassieke mooi uitsig oor Tafelberg.	

SEEPUNT NA BANTRYBAAI EN TERUG	
Datum	Saterdag 13 Januarie 2024
Bespreek vanaf	Dinsdag 2 Januarie
Beginpunt- en tyd	07:00 by Queen's Beach parkeerarea, Seepunt
	Kobus en Edna Terblanche by 082 379 3171
Graad	1A (redelik, 11 km)
Groepgrootte	Onbeperk
Inpak	Soos vir dagstap met reën-, wind- en sonbeskerming, water, kos, ens. Jy kan met tekkies of goeie plakkies ook stap.
Koste	Brandstofdonasie: R60. Adminheffing R5 (lid) / R10 (besoeker).
Kobus en Edna sê: 'n Lekker stap langs die see met mooi uitsigte oor die Twaalf Apostels-berge en die Atlantiese Oseaan (en van die duurste huise in die land). By Bakoven eet ons ontbyt op die groot plat rotse en stap dan rustig met dieselfde paadjie terug. (Daar is geleentheid vir swem langs die pad vir diegene wat kouewaterterapie beoefen!) Ons behoort teen 13:00 terug te wees by die motors.	

ALPHEN-ROETE, CONSTANTIA	
Datum	Saterdag 20 Januarie 2024
Bespreek vanaf	Maandag 8 Januarie
Beginpunt- en tyd	07:00 by Alphen Hotel, Constantia
Stapleier	Kobus en Edna Terblanche by 082 379 3171
Graad	1A (maklik), 13 km
Groepgrootte	Onbeperk
Inpak	Dagsakkie met kos, water, windjekker, ens.
Koste	Brandstofdonasie R70. Adminheffing R5 (lid) / R10 (besoeker).
Kobus en Edna sê: Die 13 km stap in die Constantia-vallei se groen gordel begin by die Alphen Hotel (Alphen Drive, Constantia http://www.alphen.co.za/pdf/Alphen_Directions.pdf). Ons begin met die	

Alphen Trail (parkeer motors – “most people park their cars on the bend of Alphen Drive that leads off Constantia Main Road to the Alphen Hotel”). Die roete loop langs die Dieprivier tot by Constantiaberg (met 'n paar bruggies oor die rivier) tot by Le Sueur Avenue in die rigting van Hohenort. Dan stap ons op die Klaasenbosch-roete (stap verby Hohenort Hotel) deur 'n deel van Kirstenbosch tot by Cecelia Forest, De Hel Nature Area via die Dieprivierroete terug na ons motors. Die roete het verbasend baie skaduwee, wat maak dat n mens dit ook op 'n warm dag kan stap. Ons kan agterna by die Alphen Hotel koffie of iets koels gaan drink.

ALMENKERK, GRABOUW

Datum	Saterdag 27 Januarie 2024
Bespreek vanaf	Maandag 15 Januarie
Beginpunt- en tyd	08:45 by die Almenkerk-landgoed
Stapleier	Freddie Pohl by 074 304 7678
Graad	2A (maklik), sowat 8 km
Groepgrootte	20
Inpak	Dagsakkie met kos, water, windjekker, ens.
Koste	Permit R40. Brandstofdonasie R100. Adminheffing R5 (lid) / R10 (besoeker).

Freddie sê: Hierdie stap op die Almenkerk-wynlandgoed in die Elgin-vallei naby Grabouw is net so oor die 7 km, maar dit is bietjie meer as 'n 'pretstap'. Die eerste helfte is heelwat op en af met die grondpaadjie deur die landgoed se heuwels terwyl die tweede helfte platter is en deur appel-, peer- en druiweboorde loop. Daar is ses aktiwiteitstasies op die roete – soos 'tyre flips', die balanseerbalke, 'n hindernisbaan, en die vindingryke waterkanon – wat vir groot pret sorg. Ons kan agterna 'n wynproe doen. (Los droë klere in jou motor om agterna aan te trek.)

BERGRIVIER, FRANSCHHOEK

Datum	Saterdag 3 Februarie 2024
Bespreek vanaf	Maandag 22 Januarie
Beginpunt- en tyd	07:30 op Robertsvlei-pad buite Franschhoek
Stapleier	Werner Dalziel by 082 579 0968
Graad	2A (redelik, 15 km, 330 m klimhoogte)
Groepgrootte	Onbeperk
Inpak	Dagsakkie met kos, water, swemklere, windjekker, ens.
Koste	Permit R50 (kontant of Zapper / Snapscan). Brandstofdonasie R100. Adminheffing R5 (lid) / R10 (besoeker).

Werner sê: Ons stap eers met die oostelike kontoerpad langs om uitsigte oor die Robertsvlei-area en Matoppie te geniet. Dan volg ons die paadjie tot waar ons die eerste rivierkruising kry. Ons kan bietjie hier vertoef. Ons stap dan verder tot waar ons begin afsak na die Bergrivier. Ons stap swem-swem tot by die wier waar ons dan die laaste swemplek kry voor ons die paadjie terug tot by die motors aanpak. Lekker dagstap vir die somer.

TAFELBERG: DISAS KYK (CONSTANTIANEK-ROETE)

Datum	Saterdag 10 Februarie 2024
Bespreek vanaf	Maandag 29 Januarie

Beginpunt- en tyd	Constantianek om 06:30
Besprekings	Amanda Matthee by 0825703895
Graad	2B (geleidelike opdraand waarvan deel trappies en deel op jeeppad is, bietjie klouter in Disakloof, 16 km, klimhoogte 569 m)
Groepgrootte	Onbeperk
Inpak	Dagsakkie met kos, water, sonbeskerming, reënbaadjie, ens.
Koste	Brandstofdonasie R100. Adminheffing R5 (lid) / R10 (besoeker).
Amanda sê: Om die rooi en blou disas met jou eie oë te sien – dit is die eerste prys. Ons begin by Constantianek en stap met trappies op na die jeeppad tot op die agterste tafel by die damme. Ons stoppe is by die Overseers' Hut (daar is 'n waterkraan), en dan by die bome by die Woodhead-dam. Ons stap dan oor die damwal van die Hely Hutchinson-dam en op in Disakloof en die akwaduk waar die disas groei. Die roete terug neem ons oor die Woodhead-damwal voor ons weer die jeeppad kry en dan met dieselfde roete terugstap.	

ALGEMENE JAARVERGADERING	
Datum	Saterdag 17 Februarie 2024 om 08:00
Besprek vanaf	Maandag 15 Januarie
Plek	<u>Capaia-wynplaas</u> op die Botterbergpad tussen Melkbos en Philadelphia (35 km vanaf Bellville). (Travelling on the N7 from Cape Town, head north on the N7 towards Malmesbury. Turn left at Exit 31 (Melkbosstrand). At the junction, immediately turn right and pass underneath the N7 bridge. Continue straight until you reach a T-junction. Turn left onto the Botterberg gravel road.)
Op die agenda	Ons begin met 'n lekker vroegoggendstap van sowat 6 km met 'n wonderlike uitsigpunt op 'n koppie. Terug by die deli op die plaas gee hulle vir ons koffie (of warm sjokolade) en roosterbroodjies (hoender mayonnaise of kaas-en-ham). Daar is ook kolwyntjies. Dan hou ons piekniekstyl jaarvergadering en gee 'n kort verslag oor die jaar wat verby is, kies die nuwe bestuur, en deel van boekie-program (met stappe se roetebeskrywings, afstande, koste, ens.), en kilometer-wapentjies uit. Dit sal lekker wees om julle almal weer te sien!
Besprekings	Amanda Matthee by 082 570 3895 of amandam@mweb.co.za
Inpak	Dagsakkie met 'n peuselhappie, water, sonbeskerming, reënbaadjie, ens.
Koste	R90 per persoon, betaalbaar by die beginpunt

MURATIE – VOLMAANSTAP	
Datum	Vrydag-laatmiddag 24 Februarie 2024
Besprek vanaf	Maandag 12 Februarie
Beginpunt- en tyd	17:30 by die Dirtopia Trail Centre op die plaas <u>Muratie</u> buite Stellenbosch
Stapleiers	Gerrit en Mariette Nortjé by 082 929 8493
Graad	2A (maklik, geleidelike opdraand en afdraand; sirkelroete van 4 km)
Groepgrootte	20
Inpak	Dagsakkie met kos, water, sonbeskerming, windjekker, FLITSLIG, ens. Ook iets soos piekniekkomers om op te sit.
Koste	Permit R120 per persoon. Brandstofdonasie R80. Adminheffing R5 (lid) / R10 (besoeker). (Wyn per glas bo-op die koppie te koop. Lekker koffie by die eindpunt te koop voor ons terugry huis toe.)
Gerrit en Mariette sê: Wanneer laas het jy tyd gehad om op 'n koppie te sit en kyk hoe die son sak en die maan opkom? Ons kom om 17:30 by die Dirtopia-kantoor op die plaas Muratie bymekaar. Ons stap rustig tot by die uitkykpunt, kry sitplek en hou piekniek terwyl ons uitkyk oor die wynlande, Simonsberg	

en ook Tafelberg in die verte. Die son sak om 19:28 en die maan kom 19:17 op en sal teen 19:50 by die uitkykpunt te sien wees. Ons sal dan net na 20:00 die terugtog aanpak. Onthou jou flits vir die terugstap. 'n Stapstok is ook 'n goeie idee. (Daar is nogal video's op YouTube wat wys hoe om die maan met jou selfoon af te neem.)

KOGELBAAI-UITKYKPUNT, GORDONSBAAI

Datum	Saterdag 2 Maart 2024
Besprek vanaf	Maandag 19 Februarie
Beginpunt- en tyd	07:30 by Kogelberg-kantoor buite Gordonsbaai (reg oorkant die Kogelberg-kampeervlek, aan die berg se kant)
Stapleier	Amanda Matthee by 082 570 3895
Graad	2.5A (6 uur se stap, maklike paadjie, maar plek-plek steil, klimhoogte 650 m)
Groepgrootte	15
Inpak	Dagsakkie, genoeg water, sonbeskerming, eetgoed, windjekker.
Koste	Brandstofdonasie R100. Adminheffing R5 (lid) / R10 (besoeker).
Amanda sê: Die uitsig oor Valsbaai maar hierdie roete die moeite werd. Ons beginpunt is by die Stad Kaapstad se kantoor oorkant die ingang na die Kogelberg-kampterrein buite Gordonsbaai. Ons stap die eerste end op die Klipspringer-roete wat ons na die hoë bergreeks agter die vallei neem. Net voor die voetbruggie oor die eerste stroom neem ons die afdraaipad na links. Dan volg 'n geleidelike en genadige “zig-zag” klim met heelwat “blaaskansies”, en ook 'n paar steiler stukke, om ons uiteindelik by die bo-op die berg (650 m) uit te bring. Ons hou middagete by 'n dammetjie op die berg en kom dan met dieselfde pad terug. Die uitsig oor Valsbaai en die kuslyn is asemrowend.	

CHAPMANSPIEK

Datum	Saterdag 9 Maart 2024
Besprek vanaf	Maandag 26 Februarie
Beginpunt- en tyd	07:00 by parkeerarea vir Chapmanspiek in Noordhoek
Stapleier	Werner Dalziel by 082 579 0968
Graad	2B (veeleisend, klimhoogte 551 m, 7 km)
Groepgrootte	16
Inpak	Soos vir dagstap met sonbeskerming, kos, water, ens.
Koste	Brandstofdonasie R120. Adminheffing R5 (lid) / R10 (besoeker)
Werner sê: As jy 'n roete met fantastiese uitsigte oor die see en berge soek, sal jy dit op hierdie roete kry. Ons begin by Noordhoekstrand en stap tot by die eerste uitkykpunt waar ons ontbyt eet. Dan pak ons die roete tot by die piek aan, en af tot by 'n nekkie. Op pad terug stop ons weer by die uitkykpunt. Ons kan agterna 'n welverdiende bier by 'n restaurant daar naby gaan drink.	

KIRSTENBOSCH: SILVERTREE-ROETE

Datum	Saterdag 16 Maart 2024
Besprek vanaf	Maandag 4 Maart
Beginpunt- en tyd	08:00 by Kirstenbosch se Rycroft-hek (Hek 3)
Stapleier	Amanda Matthee by 082 570 3895
Graad	2B (redelik; 11 km)
Groepgrootte	Onbeperk
Inpak	Soos vir dagstap met sonbeskerming, kos, water, ens.

Koste	Toegang by Kirstenbosch R100. Brandstofdonasie R80. Adminheffing R5 (lid) / R10 (besoeker)
Amanda sê: Ons kom om 08:00 by die Rycroft-hek (Hek 3) bymekaar. Daar is parkeerplek aan die linkerkant van die pad – sien kaart hier: https://www.sanbi.org/wp-content/uploads/2018/11/Kirstenbosch-Garden-Map-2018-W.pdf. Die Silvertree-roete kombineer die mooiste van Kirstenbosch met 'n redelike klim tot op die 300-meter kontoerpad en dan 'n goeie afdraand tot weer in Kirstenbosch – 'n goeie 11 km se stap (en goeie oefening as jy op 11 Feb wil saam stap om disas te kyk). Ons eet middagete by die “scree belt” (strook klippe), wat fantastiese uitsigte oor die Skiereiland bied. Sien: https://www.sanbi.org/gardens/kirstenbosch/safety-on-the-mountain/nursery-ravine/silvertree-trail/	

LANDDROSKOP, NUWEBERG BUIE GRABOUW	
Datum	Saterdag 23 tot Sondag 24 Maart 2024
Bespreek vanaf	Maandag 8 Januarie
Beginpunt- en tyd	08:00 by Nuweberg-bosboustasie buite Grabouw
Besprekings	Abrie Marais by 082 578 3046
Graad	2A (redelik; 21 km oor 2 dae; 700 m klimhoogte): Dag 1: 12 km (sowat 6 uur). Dag 2: 9 km (sowat 4 uur)
Groepgrootte	12
Inpak	Oornag-rugsak met slaapsak, kos, water, windjekker, ens. Slaap in oornaghutte met matrasse. Wees voorbereid op enige weersomstandighede. Braai die aand.
Koste	Permit R340 (sonder Wildcard in berekening gebring). Brandstofdonasie R240 (90 km x 2 = 180 km). Adminheffing R10 (lid) / R20 (besoeker).
Abrie sê: Hierdie naweekstap begin by die Nuweberg-natuurreservaat buite Grabouw en loop deur pragtige berglandskappe en fynbos. Dag 1: Ons loop vanaf die reservaat se kantoor rustig via die Sphinx-roete na Landdroskop se hut (12 km, 5 tot 6 uur). Ons klim 'n hele ent, maar dit is baie geleidelik. Ons is gewoonlik vroeg genoeg by die hut sodat mens lekker daar kan kuier. Ons braai die aand. Ons stap die volgende dag met die jeeppad terug (9 km, 4 tot 5 uur).	

SOSYSKLOOF IN JONKERSHOEK, STELLENBOSCH	
Datum	Saterdag 6 April 2024
Bespreek vanaf	Maandag 25 Maart
Beginpunt- en tyd	Jonkershoek-reservaat se hek om 08:00
Stapleier	Mariette Nortjé by 082 929 8493
Graad	2A (redelik, sowat 8 km)
Groepgrootte	Onbeperk
Inpak	Dagsakkie met kos, water, sonbeskerming, reënbaadjie, ens.
Koste	Permit R60. Brandstofdonasie R100. Adminheffing R5 (lid) / R10 (besoeker).
Mariette sê: Hierdie skilderagtige sirkelroete in die Jonkershoekvallei buite Stellenbosch klim deur 'n kloof tot noord van Swartboskloof en loop deur kolle inheemse woud. Van daar loop dit oor 'n kontoer na Sosyskloof en dan na die uitkykpunt, en dan weer terug tot by die motors. (Daar is 'n koffiedrinkplek by die ingang van die natuurreservaat. Ons het laas na die stap hier gestop vir koffie en koek.)	

KLEINMOND-NAWEEK: IONA-WYNPLAAS + KOGELBERG	
Datum	Vrydagmiddag 12 tot Sondag 14 April 2024
Bespreek vanaf	Maandag 8 Januarie
Stapleier	Freddie Pohl by 074 304 7678
Graad	2B (11 km + 12 km)
Groepgrootte	20
Inpak	Soos vir 'n naweekstap met kamp as basis. Ons maak saam kos en sal koste hiervoor bereken (een aand braai, een aand Meksikaans)
Koste	Kampplek sowat R300 pp. Kogelberg-permit R60 pp of Wildcard. Koste van etes sal deurgegee word. Brandstof (125 km x 2 = 250 km): R330. Adminheffing R10 (lid) / R20 (besoeker).
Freddie sê: Met Kleinmond se Palmiet-kampterrein as basis doen ons twee dagstappe in hierdie omgewing. Dag 1: Vanaf Iona-wynplaas (die hoogste wynplaas in Elgin) stap ons 'n sirkelroete van 11 km oor die nekkie van die Paardeberg tot waar ons die “sea view” kry, en dan terug na die plaas. Sluit af met vis-en-chips in Kleinmond. Dag 2: Ons ry na die Kogelberg-natuurreservaat net buite Kleinmond en stap die Palmietrivier-roete van 10 km langs die rivier (lekker swemplek). 'n Heerlike wegbreeknaweek. Meer oor Iona: At the Southern tip of Africa, along the Cape South Coast is South Africa's coolest climate wine region, Elgin Valley. Overlooking the Atlantic Ocean at an altitude of 420m along the southern ridge lies the unique Iona vineyards. Surrounded by 3000 ha of the UNESCO certified Kogelberg Biosphere, which contains 1600 plant species, making it the most florally diverse region of the planet, per unit area.	

CLARA ANNA FONTEIN DAGSTAP BUIE DURBANVILLE	
Datum	Saterdag 20 April 2024
Bespreek vanaf	Maandag 8 April
Beginpunt- en tyd	09:00 by Clara Anna Fontein Natuurreservaat se ingang vanuit Odendaalstraat, Aurora, Durbanville
Stapleier	Wynand Krause by 084 573 4376
Graad	1A (redelik, sowat 10 km)
Groepgrootte	12
Inpak	Dagsakkie met kos, water, sonbeskerming, reënbaadjie, ens.
Koste	Permit R100. Brandstofdonasie R50. Adminheffing R5 (lid) / R10 (besoeker).
Wynand sê: Ons stap 'n sirkelroete van sowat 10 km oor die heuwels buite Durbanville met pragtige uitsigte oor die Bolandse berge. 'n Hele paar wildsoorte en ook sebras is hier gevestig. Ons hou piekniek by een van die uitkykpunte.	

OUTENIQUA EN HARKERVILLE	
Datum	Saterdag 27 April tot Saterdag 4 Mei 2024
Bespreek vanaf	Maandag 22 Januarie
Vertrek	Saterdag 27 April om 07:00
Stapleier	Werner Dalziel by 082 579 0968
Graad	Outeniqua: 2B – 58 km. Harkerville: 2B+: 26,6 km. Totaal 85 km
Groepgrootte	12
Inpak	Pak in vir 'n 4-dag stap (Outeniqua) en 'n 2-dag stap (Harkerville) – albei met oornaghutte met beddens en matrasse. Braai die eerste aand by Millwood.

Koste	Permit R1155 (sonder Wildcard in berekening gebring). Brandstofdonasie R1300 (500 km x 2 = 1 000 km). Verblyf die laaste Vrydagaand op Knysna: R300 pp. Shuttlediens: sowat R200 pp. Adminheffing R30 (lid) / R60 (besoeker).
Werner sê: 'n 6-dag stap met iets van alles – van inheemse woude, varingwoude en riviere tot by die kus met lere, 'n ketting en bruggies, oor kranse en langs skulpstrande en rotse. Ons vertrek die Saterdagoggend vroeg uit die Kaap en ry na die Harkerville-hut tussen Knysna en Plettenbergbaai in die Tuinroete Nasionale Park waar ons ons motors parkeer (afdraai na Harkerville by Sasol-garage op N2). Ons kry dan 'n bussie wat ons na die Millwood-hut op die Outeniqua-roete neem. Ons slaap die Vrydagaand ná die 6-dag stap by Harkerville Forrest Lodge en ry die volgende dag rustig terug Kaap toe. Outeniqua: Dag 1: Sondag 28 April (Millwood na Rondebossie) – 17 km (5 uur). Die dag begin redelik gelyk, maar dan begin die 400 m afsak na die Knysna-rivier (net so voor die 10 km merk). Daarna styg ons weer amper 400 m tot ons die afdraand na Rondebossie toe kry. Daar is 'n swemplek so 1 km aan die ander kant van die hut. Dag 2: Maandag 29 April (Rondebossie na Diepwalle) – 13 km (5 uur). Dra genoeg water saam – daar is 'n waterpunt so 1 km van die hut en dan eers weer anderkant Jonkersberg. Die eerste kilometer of so is redelik gelyk. Dan moet ons Jonkersberg oor – 'n klim van so 450 m in hoogte. Daarna daal ons geleidelik tot by die Gounarivier en dan weer 'n maklike 2,5 km klim tot by Diepwalle. (Daar was laas 'n coffee shop op Diepwalle). Dag 3: Dinsdag 30 April (Diepwalle na Fisantehoek) – 16 km (5 uur). Vanaf Diepwalle verloor ons sowat 300 in hoogte tot by die Diepwallerivier. Die res is sulke klein bulte – dalings en stygings by nog 3 riviere. Twee waterpunte – een is net na 6 km en een net na 12 km. Die meeste van die dag is deur inheemse woud met fynbos tussenin. Dag 4: Woensdag 1 Mei (vakansiedag) (Fisantehoek na Harkervillehut) – 12 km (4½ uur). Hier is 'n mooi en maklike dag deur inheemse woud met net een effense klim naby die begin. Ons kom dus weer by ons motors uit sodat ons ons rugsakke vir 2-dag Harkerville-roete kan oorpak. Harkerville: Dra genoeg drinkwater saam want daar is nie water op die roete self nie, net by die oornagpunte. Dag 5: Donderdag 2 Mei (Harkervillehut na Sinclairhut) – 14,6 km. Die roete loop deur inheemse woud tot by die see, en dan kuslangs met lere, 'n ketting en bruggies, oor kranse en langs skulpstrande en rotse tot by die Sinclairhut. Dag 6: Vrydag 3 Mei (Sinclairhut na Harkervillehut) – 12 km. Vanaf die Sinclairhut via die kus en woud terug tot by motors. Baie rotspoele vir swem.	

TAFELBERG: KABELKAR NA MACCLEAR'S BAKEN EN TERUG	
Datum	Saterdag 11 Mei 2024
Bespreek vanaf	Maandag 29 April
Beginpunt- en tyd	13:00 by onderste kabelkarstasie op Tafelbergpad (die kabelkarretjie se kaartjies is R60 goedkoper pp vanaf 13:00)
Stapleier	Amanda Matthee by 082 570 3895
Graad	1B (redelik gelyk, sowat 10 km)
Groepgrootte	12
Inpak	Dagsakkie met kos, water, sonbeskerming, reënbaadjie, ens.
Koste	Kabelkar-kaartjie (retoer) R360 vir volwassenes (of R120 vir pensioentrekkers). Brandstofdonasie R80. Adminheffing R5 (lid) / R10 (besoeker).
Amanda sê: Hierdie stap is onderhewig aan die weer. Teen Mei het ons gewoonlik pragtige windstil dae. Kom ons maak of ons toeriste is en ry met die kabelkarretjie tot op Tafelberg – dit is altyd 'n ondervinding. Ons begin by die boonste kabelkarstasie stap al op die voorste tafel langs, deur Platteklipkloof se dippie tot by MacClear's Baken en dan weer terug. Die roete is 10 km altesaam. Ons sal iewers langs die pad stop vir iets te eet (bring broodjies en koffie) terwyl ons die 10-uit-10 uitsigte oor	

die stad geniet. Terug by die kabelkarstasie kan ons by die winkeltjie inloer en dalk koffie by die restaurant drink voor ons weer met die kabelkarretjie terugry.

PARADYSKLOOF EN DYLAN LEWIS SCULPTURES, STELLENBOSCH

Datum	Saterdag 18 Mei 2024
Bespreek vanaf	Maandag 6 Mei
Beginpunt- en tyd	08:00 by Paradyskloof buite Stellenbosch
Stapleier	Werner Dalziel by 082 579 0968
Graad	2B (10 km; 350 m klimhoogte)
Groepgrootte	16
Inpak	Dagsakkie met kos, water, sonbeskerming, reënbaadjie, ens.
Koste	Stappermit: R60. Toegang by Dylan Lewis Sculpture Garden: R220 per persoon (studente en pensioentrekkers R150). Brandstofdonasie R100. Adminheffing R5 (lid) / R10 (besoeker).
Werner sê: Die Paradyskloof-watervalroete begin in Paradyskloof op die R44 (Blaauklippen-afdraai) buite Stellenbosch. Dit sluit bietjie rotsklouter in. Die uitsigte is ongelooflik mooi. Die roete is naby die Dylan Lewis Sculpture Garden (ook op die Paradyskloofpad) en daar is die opsie om agterna die tuin met sy indrukwekkende beeldhouwerke te gaan besoek. (Dit is nou die “toer”-gedeelte van die stap.) Ons moet vooraf bespreek om die tuin te besoek. Meer as 60 beelde op roete van 4 km. Sien https://www.dylanlewis.com/garden/sculpture-groupings.	

GROOT WINTERHOEK

Datum	Saterdag 25 – Sondag 26 Mei 2024
Bespreek vanaf	Maandag 19 Februarie
Stapleier	Amanda Matthee by 082 570 3895
Graad	2B (40 km, klimhoogte 260 km)
Groepgrootte	12
Inpak	Soos vir oornagstap met tent, kos, water, sonbeskerming, reënbaadjie, ens.
Koste	Stappermit: R170. Brandstofdonasie R310 (120 km x 2 = 240 km). Adminheffing R10 (lid) / R20 (besoeker).
Amanda sê: Ons vertrek die Saterdagoggend vroeg uit die Kaap na die Groot Winterhoek-natuurreservaat buite Porterville. Ons loop al met die rivier langs tot sowat 1 km anderkant De Tronk waar ons onder die akkerbome teen 'n waterstroom kamp. Ons neem dan ons dagsakkies en stap sowat 4 km af na Die Hel – die grootste waterpoel in die Wes-Kaap. Dan stap ons terug kamp toe (omtrek 1 uur se stap), drink ietsie en maak lekker kos voor ons in ons tentjies inkruip. Sondag stap ons weer rivier langs terug, met tyd om by die twee groot poele te stop.	

TAFELBERG: PLATTEKLIPKLOOF

Datum	Saterdag 1 Junie 2024
Bespreek vanaf	Maandag 20 Mei
Beginpunt- en tyd	08:00 by houthuisie by stapbeginpunt op Tafelbergpad
Stapleier	Abrie Marais by 082 578 3046
Graad	2B (5 km; 650 m klimhoogte)
Groepgrootte	Onbeperk
Inpak	Dagsakkie met kos, water, sonbeskerming, reënbaadjie, ens.
Koste	Brandstofdonasie R100. Adminheffing R5 (lid) / R10 (besoeker).

Abrie sê: Dit is een van daardie roetes wat hoër voel as wat dit lank is. Maar as jy bestendig stap, sal jy bo uitkom. Die idee van warm koffie op die berg by die kabelstasie se restaurant is ook aanloklik. Die uitsigte vanaf Tafelberg se voorste tafel en vanaf die boonste rotsagtige deel van Platteklipkloof bly prentjiemooi.

JONKERSHOEK: SWARTBOSKLOOF

Datum	Saterdag 8 Junie 2024
Bespreek vanaf	Maandag 27 Mei
Beginpunt- en tyd	08:00 by hek van natuurreservaat
Stapleier	Werner Dalziel by 082 579 0968
Graad	2B (redelik, 16 km, klimhoogte 900 m)
Groepgrootte	16
Inpak	Dagsakkie met kos, water, sonbeskerming, reënbaadjie, ens.
Koste	Permit R60. Brandstofdonasie R100. Adminheffing R5 (lid) / R10 (besoeker).
Werner sê: Ons stap Swartboskloof op en af (nie Kurktrekker af nie en ook nie die circuit nie). Dié sirkelroete in die Jonkershoekberge buite Stellenbosch is een van die mooistes in die Wes-Kaap. Ons begin op 320 m en die eerste 5 km of so is opdraand met stroompies en 'n waterval as jy amper bo is. Daarna stap ons op 'n plato (op sowat 1 100 meter) met uitsigte op Tafelberg, Valsbaai, Somerset-Wes, die Strand en Gordonsbaai. Ons stap verby interessante rotsformasies met uitsigte oor Guardian Peak en Pic-Sans-Nom, kyk af in Boegoekloof (begin van Riviersonderendrivier wat 'n takrivier van die Breederivier is) en Nuwejaarskloof (begin van Lourensrivier). Ons omdraaipunt is die nekkie bokant Kurktrekkernek. Ons kom met dieselfde roete terug. Jy sal jou pizza die aand verdien.	

LEEUKOP: KONTOERPAD

Datum	Saterdag 15 Junie 2024
Bespreek vanaf	Maandag 3 Junie
Beginpunt- en tyd	08:00 by Kloofnek se "Leeukop-parkeerterrein"
Stapleiers	Kobus en Edna Terblanche by 082 379 3171
Graad	1A (14 km; klimhoogte 262 m)
Groepgrootte	Onbeperk
Inpak	Dagsakkie met kos, water, sonbeskerming, reënbaadjie, ens.
Koste	Brandstofdonasie R100. Adminheffing R5 (lid) / R10 (besoeker).
Kobus en Edna sê: Die stap se beginpunt is dieselfde as die van die tradisionele Leeukop-roete. Ons stap al met die "rug van die leeu" langs tot by die kramat van Sheikh Mohamed Hassen Ghaibie Shah al-Qadri op Seinheuwel. Daarna volg ons die kontoerpad aan die seekant van Leeukop tot by 'n klompie dennebome waar ons iets eet en die uitsig oor die see geniet. Van daar af is dit 'n kort entjie afdraand tot by die motors. Dit is 'n mooi stap met fantastiese uitsigte oor die see en stad.	

MONT ROCHELLE: UITKYKPUNT

Datum	Saterdag 6 Julie 2024
Bespreek vanaf	Maandag 24 Junie
Beginpunt- en tyd	08:00 by Mont Rochelle buite Franschoek
Stapleier	Werner Booyens en Brenda Sideratos by 072 122 5216
Graad	2B (redelik, 6 km, 4 uur, klimhoogte 360 m)
Groepgrootte	Onbeperk

Inpak	Reën-, wind- en sonbeskerming, water, piekniekkos, ens. Maak gereed vir enige weersomstandighede en sorg dat jy genoeg warm klere het.
Koste	Permit R70. Brandstofdonasie: R110 (2 x 65 km = 130 km). Adminheffing R5 (lid) / R10 (besoeker).
Werner en Brenda sê: Sommer net 'n lekker winter-dagstap na 'n uitkykpunt met ongelooflike mooi uitsigte. Ons beginpunt is die <u>Mont Rochelle Natuurreservaat</u> in die Franschoekpas. Die reservaat vorm deel van die UNESCO-bewaringsgebied. Die roete neem ons via Breakfast Rock na die Uitkykpunt. Hier kan ons koffie drink en iets eet met genoeg tyd om die uitsigte oor die Franschoekvallei te geniet.	

WINTERFUNKSIE: SPREKER EN LEKKER ETE	
Datum	Woensdagaand 10 Julie 2024 om 19:00
Bespreek vanaf	Maandag 10 Junie
Plek	Die kerksaal van die NG Kerk La Rochelle. Hoek van Meerlust- en Hadleystraat, Bellair
Op die agenda	Spreker en lekker ete
Besprekings	Amanda Matthee by 082 570 3895
Vir saambring	Eie skottelgoed en drinkgoed
Koste	Koste sal later deurgegee word. Yoco-kaartmasjien by die deur.

JONKERSHOEK: JEEPPAD-SIRKELROETE	
Datum	Saterdag 13 Julie 2024
Bespreek vanaf	Maandag 1 Julie
Beginpunt- en tyd	08:00 by hek van natuurreservaat
Stapleiers	Gerrit en Mariette Nortjé by 082 929 8493
Graad	1A (11 km, klimhoogte 156 m)
Groepgrootte	16
Inpak	Dagsakkie met kos, water, sonbeskerming, reënbaadjie, ens.
Koste	Permit R60. Brandstofdonasie R100. Adminheffing R5 (lid) / R10 (besoeker).
Gerrit en Mariette sê: Ons parkeer by die ingang van die Jonkershoek-natuurreservaat en stap antiklosgewys al met die jeeppad langs tot weer by die hek. Ons halfpadmerk is die Witbrug – bring lekker koffie en broodjies. Dit is 'n maklike en toeganklike roete omring met pragtige berge. 'n Lekker wintersoggendstap.	

TAFELBERG: 5 DAMME	
Datum	Saterdag 20 Julie 2024
Bespreek vanaf	Maandag 1 Julie
Beginpunt- en tyd	07:30 by Constantianek
Stapleier	Amanda Matthee by 082 570 3895
Graad	2B (trappiespad tot op jeeppad is, 15 km, klimhoogte 569 m)
Groepgrootte	16
Inpak	Dagsakkie met kos en iets warm om te drink, water, sonbeskerming, reënbaadjie, ens.
Koste	Brandstofdonasie R100. Adminheffing R5 (lid) / R10 (besoeker).

Amanda sê: Kom ons gaan kyk hoe lyk die damme op Tafelberg in die winter. Ons stap op met die trappiespad en jeeppad tot op die agterste tafel en kyk hoe lyk die vyf damme op ons pad. Lekker dagstap om jou naweek die moeite werd te maak.

HERMANUS-NAWEEK

Datum	Vrydag 26 – Sondag 28 Julie 2024
Bespreek vanaf	Maandag 6 Mei
Bymekaarkomplek	Vrydagmiddag in Hermanus
Stapleier	Amanda Matthee by 082 570 3895
Graad	Galpin-roete: 2B (15 km / 450 m klimhoogte). Rotspad: 1A (18 km / 60 m klimhoogte)
Groepgrootte	12
Inpak	Soos vir 'n naweek wat uit 2 dagstappe bestaan. Ons basis in 'n huis in Hermanus. Dagsakkie met kos, water, sonbeskerming, reënbaadjie, ens.
Koste	Verblyf: Sowat R400 vir die naweek. Brandstofdonasie Rxxx (130 km x 2 = 260 km). Adminheffing R10 (lid) / R20 (besoeker). Ons braai albei aande.
Amanda sê: Saterdag stap ons in die Fernkloof-natuurreservaat (3 km oos van Hermanus) na Galpin Hut wat in 1978 deur die Hermanus Botaniese Verenigings gebou is. Dan stap ons via White Rock terug na die beginpunt (sowat 15 km, klimhoogte 450 m). Sondag stap ons die makliker Rotspad tot by die Ou Hawe. Lekker plek om vis en chips op die hawemuur te eet.	

SILWERMYN: PANORAMAROETE (SKYWALK)

Datum	Saterdag 3 Augustus 2024
Bespreek vanaf	Maandag 22 Julie
Beginpunt- en tyd	07:30 by Constantianek
Stapleier	Werner Dalziel by 082 579 0968
Graad	2B (8 km, 4 uur)
Groepgrootte	16
Inpak	Dagsakkie met kos en iets warm om te drink, water, sonbeskerming, reënbaadjie, ens.
Koste	Permit: R40 of Wildcard. Brandstofdonasie R100. Adminheffing R5 (lid) / R10 (besoeker).
Werner sê: Hierdie is die mooiste uitsigroete in die Skiereiland – kom neem jou beste foto's hier. Die roete is in die Silwermyl-natuurreservaat Wes (afdraai na regs vanaf Ou Kaapseweg). Heerlike dagstap met fantastiese uitsigte sonder om hoog te klim.	

AUGRABIES: KLIPSPRINGER

Datum	Vrydag 9 tot Dinsdag 13 Augustus 2024 (ry ingesluit)
Bespreek vanaf	Maandag 13 Mei
Stapleier	Amanda Matthee by 082 570 3895
Graad	2B (veeleisend; 33,5 km oor 3 dae)
Groepgrootte	12
Inpak	Soos vir 3-dag stap met oornaghtu met beddens en matrasse. Kamp in tent by Augrabies voor en na die stap. Reën-, wind- en sonbeskerming, water, kos, ens. Maak gereed vir enige weersomstandighede en sorg veral dat jy genoeg warm klere het.

Koste	Permit R360. Kampplek vir 2 aande R370. Brandstofdonasie R2000 (770 km x 2 = 1540 km). Adminheffing R15 (lid) / R30 (besoeker).
Amanda sê: Hierdie 3-dag roete in die Augrabies Nasionale Park in die Noord-Kaap begin by die bekende Aurabies-waterval en loop deur 'n fassinerende gebied wat aan 'n maanlandskap herinner. Dié droë, woestynagtige gebied word afgewissel met 'n verfrissende groen deel langs die Oranjerivier. Ons ry vroeg die Vrydagoggend na die Augrabies Nasionale Park aan die oewer van die Oranjerivier waar ons die aand in ons tentjies slaap. (Ry met N7 tot by Vanrhynsdorp, draai links op R27 en ry via Calvinia na Upington, draai by Upington op N14 tot by Kakamas en draai 8 km ná Kakamas regs af en ry nog 29 km verder na Augrabies.) Ons stap van Saterdag tot Maandag (3 dae). Dag 1: Ruskamp na Fish Eagle Hut – 11 km (bietjie soos Visrivier se boulder hopping langs rivier). Dag 2: Fish Eagle Hut na Berghut - 10,5 km. Dag 3: Berghut na Ruskamp – 12 km. Slaap die aand weer in tentjies. Ry Dinsdag 13 Augustus terug Kaap toe. Die indrukwekkende Augrabies-waterval en die besonderse landskappe van die streek maak die stap spesiaal. Sien Sanparke se brosjure by https://www.sanparks.org/wp-content/uploads/2021/03/klipspringer_trail_brochure.pdf.	

BERGRIVIER: AFRIKASKOP, FRANSCHHOEK	
Datum	Saterdag 17 Augustus 2024
Besprek vanaf	Maandag 5 Augustus
Beginpunt- en tyd	07:30 op Robertsvlei-pad buite Franschhoek
Stapleier	Werner Dalziel by 082 579 0968
Graad	2B (veeleisend, 19 km, 1108 m klimhoogte)
Groepgrootte	15
Inpak	Dagsakkie met kos, water, swemklere, windjekker, ens.
Koste	Permit R50 (kontant of Zapper / Snapscan). Brandstofdonasie R100. Adminheffing R5 (lid) / R10 (besoeker).
Werner sê: Hierdie stap begin by die Bergrivierdam buite Franschhoek en loop deur die Banhoekberge tussen Stellenbosch en Franschhoek. 'n Asemrowende stap – letterlik en figuurlik – maar die uitsigte is die moeite werd. Sien video by https://www.youtube.com/watch?v=oSRFmb7BaUE.	

BOTTELARYHEUWELS: MOOIPLAAS-STAP EN WYNPROE	
Datum	Saterdag 24 Augustus 2024
Besprek vanaf	Maandag 12 Augustus
Beginpunt- en tyd	08:30 op Mooiplaas
Stapleiers	Wynand en Madeleine Krause by 084 573 4376
Graad	2B (redelik, 7 km, 250 m klimhoogte)
Groepgrootte	15
Inpak	Dagsakkie met kos, water, swemklere, windjekker, ens.
Koste	Permit R50. Brandstofdonasie R80. Adminheffing R5 (lid) / R10 (besoeker).
Wynand en Madeleine sê: Ons beginpunt is die historiese plaas Mooiplaas met sy herehuis uit 1806. Ons stap 'n roete van sowat 6 km in die Bottelary-bewaringsgebied met pragtige uitsigte oor Tafelberg, die Kaapse Skiereiland, Stellenbosch, Paarl, Tafelbaai en Valsbaai. Daarna proe ons van Mooiplaas se wyne. Kaasborde kan bestel word vir R195 vir 2 persone.	

HOUTBAAI: SUTHER PEAK	
Datum	Saterdag 31 Augustus 2024
Bespreek vanaf	Maandag 19 Augustus
Beginpunt- en tyd	08:00 by Fish on the Rocks, Houtbaai
Stapleier	Plaaslike gids van Houtbaai
Besprekings	Amanda Matthee by 082 570 3895
Graad	2B (12 km; 350 m klimhoogte)
Groepgrootte	16
Inpak	Dagsakkie met kos, water, sonbeskerming, reënbaadjie, ens.
Koste	Stappermit: sowat R100. Brandstofdonasie R100. Adminheffing R5 (lid) / R10 (besoeker).
Amanda sê: Ons maak van 'n plaaslike gids gebruik om hierdie roete van sowat 12 km te stap. Ons begin op 'n jeeppad met uitsigte wat al mooier word soos wat ons hoër klim. Ons stop by interessante rotsformasies en stap tot by Kamp Collins waar die ou radarstasie is. Ons kyk af op die wrak van die BOS 400 (The BOS 400 is a French Derrick/Lay Barge that ran aground while being towed by the Russian tugboat Tigr on June 26, 1994.) Dan neem ons die afdraai na Suther Peak. Ons stap verby 'n dam en teen die kop uit na die baken bo-op Suther Peak). Met die terugtog stap ons via die Kapteinsklip-uitkykpunt op Karbonkelberg en dan stap ons verder met 'n veldpaadjie terug tot by die motors. Hierdie roete se uitsigte is fantasties. Ons kan agterna vis en chips by die hawe gaan eet.	

PELGRIMSTOG VAN HOOP: MOSSELBAAI TOT JONGENSFONTEIN	
Datum	Sondag 1 tot Sondag 8 September 2024
Bespreek vanaf	Maandag 4 Maart
Besprekings	Niel en Sharon Visser by 076 992 3375
Graad	2B (116 km)
Groepgrootte	8 mense per groep
Inpak	Dagsakkie met kos, water, sonbeskerming, reënbaadjie, ens.
Koste	Koste per persoon: R5600 (7 dae se stap en 8 aande se oorslaap). Dit sluit in verblyf, aandetes en kospakkie vir elke dag. Ons stap met “ligte rugsakke” omdat beddegoed, handdoeke, aandetes en kospakkies voorsien word. Jy hoef dus net jou klere, toiletware, ekstra peuselkos en water in te pak. Brandstofdonasie R1000 (390 km x 2 = 780 km). Adminheffing R35 (lid) / R70 (besoeker).
Niel en Sharon sê: Ons kom Sondagmiddag 1 September almal op Mosselbaai bymekaar voor die stap. Maandagoggend begin ons stap aan die 116 km oor 7 dae tot by Jongensfontein. Ons slaap die aand ná die stap weer by Mosselbaai en vertrek Sondagoggend 8 September terug Kaap toe. Wat hierdie stap besonders maak is die kusstrook met pragtige uitsigte, fynbos, kUSDorpie, en ongerepte strand.	

TAFELBERG: OUDEKRAAL RAVINE – CORRIDOR RAVINE	
Datum	Saterdag 14 September 2024
Bespreek vanaf	Maandag 2 September
Beginpunt- en tyd	07:30 by die Theresa Avenue jeep track in Bakoven – sien https://goo.gl/maps/jsiotDDBhj12
Stapleier	Werner Dalziel by 082 579 0968
Graad	2B (12 km; 597 m klimhoogte)
Groepgrootte	16
Inpak	Dagsakkie met kos, water, sonbeskerming, reënbaadjie, ens. Maak seker jy het genoeg warm klere en maak gereed vir enige weersomstandighede.
Koste	Brandstofdonasie R120. Adminheffing R5 (lid) / R10 (besoeker).

Werner sê: Ons begin in Theresaweg en stap met die Pipetrack langs verby Corridor Ravine se afdraai totdat ons by Oudekraal Ravine se afdraai kom. Dan stap ons met hierdie steil maar baie mooi ravyn op tot bo-op Tafelberg se agterste tafel. (Ons het 'n vorige keer hier 'n enorme groot Himalaja tahr gesien.) Ons stap 'n ent op die agterste tafel en dan met Corridor Ravine af tot weer op die Pipetrack en dan terug tot by die motors. 'n Baie mooi en moeite-werd dagstap.

KAROO-TOER: TRANSKAROO (3 DAE), NIEU-BETHESDA en GRAAFF-REINET (3 DAE)

Datum	Saterdag 21 tot Saterdag 28 September 2024 (Dinsdag 24 Sept = vakansiedag)
Bespreek vanaf	Maandag 10 Junie
Stapleier	Abrie Marais by 082 578 3046
Graad	2B (40 km)
Groepgrootte	12
Inpak	Soos vir oornagstap van 3 dae, plus toer vir 3 dae (wat dagstappe insluit)
	Transkaroo permit R1200 pp. Plus (by benadering) 3 aande se verblyf ná die stap (2 x Nieu-Bethesda, 1 x Graaff-Reinet) R900. Brandstofdonasie R2200 (850 km x 2 = 1 700 km). Adminheffing R20 (lid) / R40 (besoeker).

Abrie sê: Ons stap die 3-dag [Transkaroo-roete](#) naby Middelburg en verken Nieu-Bethesda en Graaff-Reinet in die Groot Karoo. Ons ry die Saterdag tot by die plaas Rietpoort naby Middelburg in die Kaapprovinsie en slaap die aand in die Basiskamp op 'n hoogte van 1540 m. Van Sondag 22 tot Dinsdag 24 September stap ons die Transkaroo-roete. Dag 1 = 12 km / 406 klimhoogte (Wilgefontein): Karoo-wildernis met klipwoestyne, baksteenagtige rotsformasies, witkruisarende, swemgat. Dag 2 = 19 km / 522 klimhoogte (Uitsig): Dra genoeg water saam. Klim tot op 1925 m vir 'n 360 grade uitsig oor die Karoo. Dag 3 = 9 km / 169 klimhoogte (Weltevrede): Boesmantekeninge. Terug tot by basiskamp. Van Woensdag 25 tot Donderdag 26 September verken ons Nieu-Bethesda aan die voet van die Sneeuberge, 50 km noord van Graaff-Reinet. Ons besoek onder meer die Uilhuis, winkeltjies en kunsgalerye, doen 'n dagstap, en drink bier op die slaghuis se stoep. Vrydag 27 September verken ons Graaff-Reinet. Dit sluit in 'n staproete in Vallei van Verlatenheid met sy dolerietpillare in die Camdeboo Nasionale Park, en die indrukwekkende NG Kerk wat in 1887 ingewy is en die enigste kerk in die land met 'n skoorsteen is. Saterdag 28 September ry ons terug Kaap toe.

TYGERBERG-NATUURRESERVAAT

Datum	Saterdag 28 September 2024
Bespreek vanaf	Maandag 16 September
Beginpunt- en tyd	08:00 by reservaat se hek
Stapleier	Mariette Nortjé by 082 929 8493
Graad	2A (redelik, paar geleidelike opdraande, 11 km / 4 uur)
Groepgrootte	Onbeperk
Inpak	water, sonbeskerming, reënbaadjie, kos, ens.
Koste	R30 toegangsgeld by hek. Brandstofdonasie R25. Adminheffing R5 (lid) / R10 (besoeker)

Mariette sê: Die 67-hektaar Tygerberg Natuurreservaat op ons drumpel bied mooi uitsigte, 158 voëlsoorte, 40 soorte skoenlappers, wildsbokkies, hasies, bergskilpaaie, en mooi renosterveld. Die 'tyger' in die naam kom van die Nederlands vir luiperd. Kolle vaalbruin gras word met grys-groen fynbos afgewissel – wat maak dat die plantegroei op die heuwels van ver af soos die kolle op 'n luiperd lyk. Goeie stap vir gesinne.

PAARLBERG	
Datum	Saterdag 5 Oktober 2024
Bespreek vanaf	Maandag 23 September
Beginpunt- en tyd	07:30 by Paarlberg-natuurreservaat
Stapleier	Brenda Sideratos by 0721225216
Graad	1B (sowat 18 km)
Groepgrootte	Onbeperk
Inpak	Dagsakkie met water, sonbeskerming, kos, windjekker.
Koste	R100 brandstofdonasie. Adminheffing R5 (lid) / R10 (besoeker).
Brenda sê: Ons stap 'n lekker lang roete die Paarlberg-natuurreservaat wat ons verby al die hoogtepunte en uitkykpunte neem. Paarlberg staan 654 m bo seespieël en is bekend vir die drie reuse granietrotse wat omtrent 50 miljoen jaar oud is: Paarl-, Bretagne- en Gordonrots. Die kanon wat die aankoms van die handelsvaarders in die Kaap aangekondig het, is nog op Paarlrots. Die klim teen Bretagnerots is steil, maar daar is 'n ketting waaraan jy kan vashou. Op 'n helder dag sien jy Valsbaai en Tafelbaai, met Tafelberg en Leeukop in die verte. Paarlberg is in 1963 tot 'n Nasionale Gedenkwaardigheid verklaar.	

BAINSKLOOF-STAP: DIENS LUIPERDKAMERA	
Datum	Saterdag 12 Oktober 2024
Bespreek vanaf	Maandag 30 September
Beginpunt- en tyd	07:00 by Eerste Tol, Bainskloofpas How to get to Eerste Tol: From Cape Town: Head out of Cape Town on the N1. Take the Stellenbosch / Klipmuts / Wellington turn-off. Take a left onto the R44. Follow this road into Wellington main street (Champagne Road). At the T-Junction, turn left into Piet Retief Road. Heading down the hill at the traffic light turn right into Kerkstraat / Church Street. At this traffic light you will see the church on your left. Turn right into Kerkstraat / Church Street and follow this road through the town. It will take you up the mountain to the Bainskloof Pass. Eerste Toll / First Toll is on the right-hand side of the road, just after McBains at the top of the pass. Look out for our sign on the right-hand side of the road. (There is an overhead structure across the road indicating the maximum vertical clearance of the trucks allowed in Bainskloof Pass – the turn-off to Eerste Tol is some 20 meters before you reach this structure.) Eerste Tol is about 20 minutes' travelling time from Wellington.
Stapleier	Steph du Toit by 082 851 9953
Graad	2A (500 m klimhoogte), 4 km tot by kamera (8 km in totaal)
Groepgrootte	12
Inpak	Soos vir dagstap met reën-, wind- en sonbeskerming, water, kos, ens.
Koste	Brandstofdonasie: R100. Adminheffing R5 (lid) / R10 (besoeker). Geen permitkoste nie.
Steph sê: Die Kaapse Luiperdtrust gebruik navorsing oor luiperds in die Kaapse berge vir die bewaring van luiperds. Sanlam-Staptoerklub ondersteun hierdie inisiatief deur 'n luiperdkamera te borg. Die kamera is in Februarie 2015 in Bainskloofberge geïnstalleer. Ons diens die kamera elke paar maande. Die Luiperdtrust kan baie inligting uit die foto's op die kamera aflei – soos hoeveel luiperds daar is (elke luiperd se kolle is uniek) en in watter kondisie hulle is. Sien http://capeleopard.org.za/research/leopard/boland.	

LEOPARD'S LOOP, HELDERBERG, SOMERSET-WES	
Datum	Saterdag 19 Oktober 2024
Bespreek vanaf	Maandag 7 Oktober
Beginpunt- en tyd	07:30 by Helderberg-natuurreservaat
Stapleier	Steph du Toit by 082 851 9953
Graad	2A (sowat 10 km)
Groepgrootte	Onbeperk
Inpak	Dagsakkie met water, sonbeskerming, kos, windjekker.
Koste	Hekgeld R30 per persoon en R20 per voertuig. R100 brandstofdonasie. Adminheffing R5 (lid) / R10 (besoeker).
Steph sê: : 'n Lekker vroegoggendstap sirkelroete eers tot bo in Disakloof en dan terug net sodat ons “in oefening bly”. Ons stap op die jeeppad op, eet iets bo by die omdraaipunt in die inheemse woud, en stap dan met voetpaadjie terug. Die roete het baie mooi uitsigte oor die Helderbergkom.	

SEDERBERGE: OORNAGKAMP BY MALTESE KRUIS	
Datum	Vrydag 25 tot Sondag 27 Oktober 2024
Bespreek vanaf	Maandag 22 Julie
Stapleiers	Werner Booyens en Brenda Sideratos by 072 122 5216
Graad	2B (2 x 8 km = 16 km, klimhoogte 440 m)
Groepgrootte	12
Inpak	Oornag-rugsak met tent en matrassie, ten minste 4 liter water, kos, reënbaadjie, sonbeskerming, ens.
Koste	Kamp by Sanddrif R140 pp. Stappermit R60 pp. Brandstof R650 (250 km x 2 = 500 km). Adminheffing R10 (lid) / R20 (besoeker).
Werner en Brenda sê: Ons stap altyd verby die Maltese Kruis op pad na Sneeuwerghut of iewers anders. Hierdie keer gaan ons reg onder die Maltese Kruis kamp. Ons ry die Vrydag tot by Sanddrif waar ons die aand in ons tentjies kamp en lekker braai. Saterdag stap ons rustig die 8 km via Klipbokkloof na die Maltese Kruis wat vyf verdiepings hoog op die plato uittroon. Ons slaan ons tentjies op en verken die plato. Sondagoggend maak ons lekker ontbyt (bring spek en eiers – ons het mos tyd) voor ons die terugtog aanpak. Ander plekke om by aan te gaan: Lot se Vrou en die Cederberg Wynkelder.	

KAAPPUNT-DAGSTAP: KANONKOP	
Datum	Saterdag 2 November 2023
Bespreek vanaf	Maandag 21 Oktober
Beginpunt	08:00 by die hek by Kaappunt-natuurreservaat
Stapleier	Werner Dalziel by 082 579 0968
Graad	2B (14 km, klimhoogte 220 m)
Groepgrootte	15
Inpak	Dagsakkie met kos, genoeg water, sonbeskerming, reënbaadjie, ens.
Koste	R90 hekgeld / Wildcard (bring jou ID-kaart saam). Brandstofdonasie R150 (85 km x 2 = 170 km). Adminheffing R5 (lid) / R10 (besoeker).
Werner sê: Die sirkelroete begin naby die Punt en stap aan Valsbaai-kant van die <u>Kaappunt-natuurreservaat</u> . Die stuk langs die see is enige tyd net so mooi soos op die Otter-voetslaanpad. Ons klim dan Kanonkop uit en kom 'binnelands' via die Besoekersentrum terug. Beslis 'n moeite-werd dagstap.	

STRAND: PAWILJOEN NA PAARDEVLEI EN TERUG	
Datum	Saterdag 9 November 2024
Bespreek vanaf	Maandag 28 Oktober
Beginpunt- en tyd	07:30 by die Strand Pawiljoen se parkeerplek
Stapleier	Steph du Toit by 082 851 9953
Graad	1A (redelik, 9 km)
Groepgrootte	Onbeperk
Inpak	Soos vir dagstap met reën-, wind- en sonbeskerming, water, kos, ens.
Koste	Brandstofdonasie: R100. Adminheffing R5 (lid) / R10 (besoeker).
Steph sê: 'n Lekker stap langs die kus vanaf die Strand Pavilion verby die Lourensriviermond en dan rondom Paardevlei. Bring gerus 'n swartsak of plastieksak saam sodat ons met die terugstap rommel kan optel en ons deel vir die omgewing kan doen. Jy kan met tekkies of goeie plakkies ook stap. Ons kan op terug koffie drink langs die pad. Bring swemklere as jy agterna in die see wil gaan swem.	

KAMPNAWEEK: DWARSBERG TROUT HIDEAWAY, RAWSONVILLE	
Datum	Vrydag 15 tot Sondag 17 November 2024
Bespreek vanaf	Maandag 21 Oktober
Organiseerder	Amanda Matthee by 082 570 3895
Graad	1A
Groepgrootte	12
Inpak	Soos vir 'n kampnaweek met dagstappe en heerlike swemplek
Koste	Kamp vir 2 aande: R550 pp. Brandstof R220 (85 km x 2 = 170 km). Adminheffing R10 (lid) / R20 (besoeker).
Amanda sê: Dwarsberg Trout Hideaway is 'n vyfster-kampplek naby Rawsonville. Die kampplekke het elektrisiteit, selfoonontvangs, en ablusiegeriewe met warm storte. Daar is verskeie staproetes en lekker swemplek. Ons braai elke aand. Daar is ook 'n bistro. 'n Goeie wegbreeknaweek te midde van die einde-van-die-jaar stres.	

JAAREINDFUNKSIE	
Datum	Saterdag 23 November 2024 om 09:00
Bespreek vanaf	Maandag 21 Oktober
Plek	Word later bekend gemaak
Op die agenda	Bekendstelling van 2025 se stapprogram (sodat jy volgende jaar se stappe kan beplan), lekker eet en kuier. Meer besonderhede word later deurgegee.
Besprekings	Amanda Matthee by 082 570 3895

WYNKELDERSTAP – AYAMA, VOOR PAARDEBERG	
Datum	Saterdag 30 November 2024
Bespreek vanaf	Maandag 28 Oktober
Beginpunt	Tyd en plek sal later deurgegee word
Stapleier	Steph du Toit by 082 851 9953
Graad	1A (redelik)
Groepgrootte	16
Inpak	Soos vir 'n dagstap met water, sonbeskerming, kos, ens.

Koste	Brandstofdonasie R100. Adminheffing R5 (lid) / R10 (besoeker).
Steph sê: Hierdie toer is baie gewild en dit sal ons 17de wyntoer wees. Ons besoek vanjaar die Ayama-wynkelder by Voor Paardeberg wat vir hul wyn en olyfolie bekend is. Dit is die ideale geleentheid om meer van ons omgewing se wynroetes uit te vind en om interessante nuwe wyne te proe en aan te koop.	

TREINRIT: KAAPSTAD NA KALKBAAI EN TERUG	
Datum	Saterdag 7 Desember 2024
Bespreek vanaf	Maandag 25 November
Beginpunt	Kaapstad-Stasie om 07:00 (trein vertrek 07:30)
Stapleier	Amanda Matthee by 082 570 3895
Graad	1A (redelik)
Groepgrootte	12
Inpak	Soos vir 'n dagstap met water, sonbeskerming, kos, ens.
Koste	Treinkaartjie R15 x 2. Brandstofdonasie R100. Adminheffing R5 (lid) / R10 (besoeker).
Amanda sê: Hierdie is 'n toerdag. Ons parkeer by die Civic Centre en neem die trein vanaf Kaapstad Stasie na Kalkbaai (sowat 1 uur se ry soontoe) en verken die winkeltjies (klere, juweliersware, antiekeware), kunsgalerie en koffieplekke wat aan Kalkbaai 'n unieke karakter gee. Dan klim ons weer op die trein terug Kaap toe.	

LIDMAATSKAP EN ALGEMEEN

- **Lidmaatskap 2024:** R100 vir die hooflid en R70 per gade en/of elke afhanklike kind bo 18. Elkeen moet 'n lidmaatskapvorm invul. Lidmaatskap hou baie voordele in: Jy kry 'n stap-infrastruktuur met 'n jaarprogram en stapleiers wat ervare is, voorkeur op besprekingslyste bo besoekers, 'n kleiner administratiewe heffing (R5 per dag teenoor R10 per dag vir besoekers. Die Stapklub se lidmaatskapvorm is by www.sanlamstaptoerklub.co.za.
- **Programwysigings:** Die program kan sonder voorafkennisgewing verander word. Maak dus altyd seker van die datum, tyd, roete, vertrekpunt en koste. Die volledige program is vanaf die begin van die jaar of by die algemene jaarvergadering beskikbaar. Dit is die beste om te sorg dat ons jou e-posadres het sodat jy ons e-nuus kan kry – die jongste inligting is altyd in die e-nuus en/of op ons webwerf.
- **Koste:** Permitgeld (indien van toepassing), brandstofdonasie (dagstapformule met 4 mense per motor, oornagstapformule met 3 mense in motor), verblyf (indien van toepassing), en administrasieheffing van R5 per lid per dag of R10 per besoeker per dag. Adminfooï vir kinders onder 12 = R5 per dag.
- **Ander datums:** Paasnaweek 29 Maart - 1 April. Moedersdag Sondag 12 Mei. Vadersdag Sondag 16 Junie.

HOE OM TE BESPREEK VIR 'N STAP

- **Wanneer:** Besprekings vir oornagstappe open 3 maande voor die stap op die datum soos op die program aangedui. Besprekings vir dagstappe open 2 weke voor die stap op die datum soos op die program aangedui. Besprekings word by die stapleier (of stapkoördineerder indien daar stapleier én stapkoördineerder is) gedoen.

- **Lede en nie-lede:** Op alle oornagstappe met 'n beperkte getal persone kry lede vir die eerste twee weke voorkeur bo nie-lede. *Maak dus seker jou ledegeld is betaal indien jy nie wil afskuif op die lys nie!*
- **Prosedure:** Jy kan *stiptelik vanaf 07:00* die oggend begin bel (slegs na selfoon) op die dag waarop die besprekings open om jou naam op die besprekingslys te kry. Vir alle stappe met 'n beperkte getal persone mag jy net vir twee mense bespreek. E-pos-, WhatsApp- en SMS-boodskappe word aanvaar maar onthou dat die telefoonoproep en stemposse eerste afgehandel word in die volgorde wat hulle, volgens die tyd aangedui, ontvang is. *Bel dus liever en hou die stemposse kort! Enige stemposse en oproepe vóór 07:00 skuif na die einde van die lys.* Plek op 'n stap word daarna toegeken. Aansoekers sal dan so gou doenlik in kennis gestel word of hulle suksesvol was of nie.
- **Jou verantwoordelikheid:** Jy kan tydens die eerste ses weke nadat die besprekings vir oornagstappe geopen het, kanselleer sonder enige aanspreeklikheid vir koste. Ses weke voor die stapdatum is die volle bedrag betaalbaar. As jy binne een maand voor die stapdatum kanselleer, verbeur jy die volle bedrag, tensy daar 'n persoon op die waglys is of jy iemand in jou plek kry wat vir die bestuur en stapleier aanvaarbaar is.
- **Fiksheid vir veeleisende stappe:** Daar word verwag dat jy sal sorg dat jy fiks genoeg en voorbereid is om die stap mee te maak maar die finale beslissing berus by die stapleier.

HOE OM STAPGELD TE BETAAL

- **Internetbetalings in die “62-rekening”:** First National Bank. Rekeningnaam: Sanlam-Staptoerklub. Rekeningnommer: 62049730999. Tak: Civic Centre, Bellville. Takkode: 200910.
- **Inbetalingsbewys vir stapgeld:** Stuur aan André Venter by andre@matimbers.co.za
- **Verwysing by jou inbetaling:** jou naam en van + die stap se naam (bv. Piet Smuts Kaappunt)

HOE OM LEDEGELD TE BETAAL

- **Internetbetalings in die “62-rekening”:** First National Bank. Rekeningnaam: Sanlam-Staptoerklub. Rekeningnommer: 62049730999. Tak: Civic Centre, Bellville. Takkode: 200910.
- **Inbetalingsbewys vir ledegeld:** Stuur aan Steph du Toit by steph@esef.co.za
- **Verwysing by jou inbetaling:** jou naam en van + ledegeld (bv. Piet Smuts ledegeld)

www.sanlamstaptoerklub.co.za | Selfoon 082 570 3895 | amandam@mweb.co.za

Kom verken die land saam met ons!